



Verwysing: 20160317-8895

14/7/1/2

Navrae: TJ Magwaca

Omsendbrief: 0013/2016

Vervaldatum: 01 Julie 2016

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Adjunkdirekteure; Hoofonderwyskundiges; Bestuurder: Kurrikulumkondersteuning; Kurrikulumadviseurs; Kringbestuurders; Bestuurder: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunkhoofonderwyskundiges en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Finale rooster en reëlings vir Mei - Julie 2016 Senior Sertifikaat-eksamen*

Onderwerp: Rooster en reëlings vir Mei - Julie 2016 Senior Sertifikaat-eksamen

1. Ingesluit is 'n afskrif van die **finale** rooster vir die Senior Sertifikaat-eksamen in Mei-Julie 2016.
2. Die eksamen begin op 25 Mei 2016 en loop ten einde op 01 Julie 2016.
3. Vakke/vraestelle wat gedurende die skoolvakansie afgelê word, sal gedurende die oggendsessie om 09:00 sowel as in die namiddagsessie om 14:00 afgelê word.
4. Eksamensentrums vir die afneem van die Senior Sertifikaat-eksamens sal ingerig word in lokale wat deur die Wes-kaap Onderwysdepartement (WKOD) bepaal word.
5. Ten opsigte van die toelating van kandidate tot die eksamenlokaal, moet toesighouers verseker dat elke kandidaat sy of haar toelatingsbrief en identiteitsdokument toon. Toesighouers moet hierdie toelatingsvereistes streng toepas. 'n Kandidaat wat nie die vereiste dokument(e) toon voor hy of sy die eksamenlokaal betree nie, moet egter nie verhinder word om daardie besondere eksamen te skryf nie. Die betrokke kandidaat moet die vereiste dokument(e) die volgende dag toon. Indien daardie kandidaat nalaat om dit te doen, moet 'n onreëlmatigheid verklaar word en die normale prosedure met betrekking tot onreëlmatighede moet gevolg word.
6. Die hoofopsiener moet seker maak dat kandidate die eksamenlokaal binnegaan 35 minute voor die amptelike aanvangstyd van die eksamensessie. Hierdie tyd moet soos volg gebruik word:

- 6.1 Die eerste 25 minute moet gebruik word om die kandidate hul regte sitplekke te laat inneem, om vraestelle uit te deel, en eksamenregulasies oor te dra.
- 6.2 Tydens die oorblywende 10 minute moet kandidate die geleentheid kry om die vraestel deur te lees.
- 6.3 Op geen stadium tydens hierdie 35 minute is dit toelaatbaar om te skryf of notas te maak nie. Enige oortreding van hierdie reël sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.
- 6.4 Kandidate moet ophou skryf op die tyd wat op die eksamenrooster aangedui word.
7. Verteenwoordigers van die WKOD, Umalusi en die Departement van Basiese Onderwys sal die eksamenprosesse by die eksamensentrums monitor.
8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate wat van voornemens is om die Senior Sertifikaat-eksamen in Mei - Julie 2016 af te lê.

GETEKEN: PA VINJEVOLD

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2016-04-06